Slowenië open konsulaat in SA

Kaapstad. – Die republiek van Slowenië het sy diplomatieke betrekkinge met Suid-Afrika uitgebrei deur 'n konsulaat in Durbanville te open.

Dr. Prieur du Plessis, voorsitter van die Plexus-maatskappyegroep, is as erekonsul van Slowenië in Suid-Afrika aangestel.

"Slowenië en Suid-Afrika het baie in gemeen – in die besonder is albei betreklik jong demokrasieë – en het baie om mekaar te bied deur bilaterale interaksie. Suid-Afrika het reeds 'n diplomatieke missie in Slowenië.

"Deur die plaaslike Sloweense konsulaat is 'n tweerigtingkanaal nou daargestel om ten volle voordeel te trek uit dit wat die twee lande mekaar kan bied," het Du Plessis luidens 'n verklaring gesê.

Du Plessis word bygestaan deur sy vrou, me. Isabel Verwey.

Nader besonderhede is te vind by www.slovenianconsulate.co.za